

Reis na 'n groot beloofde land (OP66)

Num 33:1-34:29

14 November 2021

Ons is besig om vinnig die einde van die boek Numeri te nader. My huidige beplanning is dat volgende week se preek die laaste een uit Numeri sal wees.

Die volk is op die Moabsvlakte. Die afgelope paar weke het ons al geleer van heelwat voorbereidingswerk om die volk gereed te maak om die land in te neem. 'n Tweede sensus is gehou, Selofgad se dogters se versoek om deel van die land te ontvang, was suksesvol, Josua is as opvolger vir Moses aangewys, die Here het voorskrifte oor offers, feeste en geloftes gegee, die toorn van die Here het die Midianiete vernietig, en laasweek het ons gekyk na Ruben, Gad en die halwe Manasse stam wat grondgebied oos van die Jordaan wou hê. Die laaste paar hoofstukke fokus op die beloofde land.

Vandag wil ek stilstaan by Num 33 en 34. Hier vind ons (1) 'n opsomming van die kampplekke op pad na die beloofde land, (2) daarna 'n opdrag van die Here dat as die volk die beloofde land inneem, moet hulle dit behoorlik doen, (3) asook 'n beskrywing van die grense van die land. Kom ons kyk hierna.

Opsomming van die kampplekke op pad na die beloofde land (Num33:1-49)

Hierdie gedeelte is weer een van daardie gedeeltes in die boek Numeri wat geneig is om ons moedeloos te maak – 'n oënskynlik eindelose lang lys van name, waarvan baie vir ons totaal onbekend is. Ons lees daardeur, maar is nie veel wyser wanneer ons klaar is nie.

En tog lees ons in vers 2 dat dit die opdrag van die Here was dat Moses rekord moes hou van hulle trek, en hy moes dit neerskryf. Ons het herhaaldelik al gelees dat die Here met Moses gepraat het, en dat Moses die boodskap aan die volk moes oordra – maar hier sê die Here Moses moet dit neerskryf – dit moet dus belangrik wees. Moontlik was dit juis nodig dat Moses dit moes neerskryf omrede daar soveel detail is wat maklik vergeet sal word as dit nie op skrif is nie. Onthou verder, Moses was op die punt om te sterf – daarom moes hy neerskryf sodat dit vir die nageslag bewaar kon word.

Ons lees van twee datums in die gedeelte. In vers 3 lees ons die datum waar hierdie lys begin: dit is die 15de dag van die eerste maand in die jaar wat die volk uit Egipte getrek het. Dit was die dag net na die paasfees. Die lys begin dus met die uittoeg uit Egipte. Die tweede datum waarvan ons lees is in vers 38: dit is Aäron se sterfdag op die eerste van die vyfde maand in die veertigste jaar na die uittoeg uit Egipte. Dit is nie heeltemal die einddatum van die periode wat in die lys gedek word nie, maar dit is naby daaraan. In vers 49 eindig die lys met Israel op die Moabsvlakte, wat ook in die veertigste jaar plaasgevind het. Die lys dek dus die 40 jaar van Egipte tot die Moabsvlakte.

In verse 3-4 lees ons dat die volk uit Rameses in Egipte vertrek het op die dag na die paasfees terwyl die Egiptenare nog besig was om hulle eersgeborenes te begrawe. Die punt om raak te sien is dat dit die Here was wat die Egiptenaars se eersgeborenes laat sterf het, en wat Sy volk deur Sy magtige daade voor die oë van die treurende Egiptenare laat trek het. Hierdie is die begin van 'n oorwinningstog wat die Here aan Sy volk gegee het voor die oë van 'n treurende wêreld.

Vers 5-49 gee dan die lys van plekname waar die volk kamp opgeslaan het tussen Rameses en die Moabsvlakte. Enkele opmerkings oor die lys:

- In totaal word 40 name gegee tussen Rameses en die Moabsvlakte
- Sommige van die name is vir ons bekend, bv Mara, Elim of Kades-Barnea
- Sommige van die name kom nêrens anders in die Bybel voor nie, en boonop het ons geen idee waar hulle was nie (bv die name in vers 19-29)
- Verder is die lys nie volledig nie. Bv in Num 11:3 het ons gelees van die opstand van die volk by Tabera, maar Tabera verskyn nie in die lys nie.
- In die meeste gevalle word net die naam van die plek gegee sonder enige detail van wat daar gebeur het. In enkele gevalle word daar bietjie detail gegee, bv die 12 fonteine en 70 palmbome by Elim (v9) of die gebrek aan drinkwater by Refidim (v14), maar dis maar min.
- Die enigste uitsondering is in verse 38-40. Hier lees ons van Aäron se sterwe terwyl die volk by Horberg was. Ons lees van sy sterfdatum, en dat hy op 'n ouderdom van 123 jaar oorlede is. Verder word genoem dat die Kanaänitiese koning Arad gehoor het van die volk se koms. Dit verwys natuurlik na Num 21:1-3 waar ons gelees het, kort na Aäron se sterwe, dat die volk Arad en die Kanaäniete verslaan het by Gorma.

Hoe moet ons sin maak hieruit? Wel, die Here wou deur die lys die volk leer, deur hulle te herinner aan wat gebeur het sedert die uittoeg. Hy herhaal nie al die detail nie, net sekere detail. Aan die een kant moet hierdie lys hulle bemoedig omdat dit 'n oorwinningstog is wat die Here vir hulle bewerk het – dit is hoe dit by Rameses begin het toe die volk uitgetrek het terwyl die Egiptenare hulle eersgeborenes begrawe het, dit is wat by Gorma gebeur het toe hulle Arad verslaan het, en die oorwinningstog het nou gevorder tot op die Moabsvlakte – op die punt om die beloofde land in te neem. Die volk moes na die lys kyk, en daardeur bemoedig word – die oorwinningstog is bykans by sy finale en glorieryke einde.

Maar hier is nog 'n boodskap in: as hulle na die lys kyk, dan sien hulle 40 kampplekke. En die 40 kampplekke moes hulle herinner aan 40 jaar. Dit is baie langer as wat 'n trek van Egipte na die beloofde land behoort te neem. Philip sê in sy kommentaar dat dit moontlik moes wees om hierdie afstand in 'n maand af te lê – maar dit het die volk 40 jaar geneem. En so moes hulle herinner word aan hulle eiesinnigheid, hulle sonde om nie die Here te vertrou nie, wat tot gevolg gehad het dat hulle 40 jaar moes rondswerv tussen plekke waarvan die name skaars iets beteken, sodat 'n hele geslag kon uitsterf. Selfs die hoëpriester is dood as gevolg van sy en Moses se sonde by Meriba, en Moses is op die punt om ook te sterf. Die volk moet dus ook na die lys kyk, en herinner word dat 40 jaar nodig was om hulle voor te berei om nou wel die beloofde land in te neem. Die lys moes hulle dus enersyds bemoedig, maar andersyds ook oproep om uit hulle foute te leer en voortaan nougeset te hou by wat die Here van hulle gaan verwag van hier af.

Opdrag van die Here om die land behoorlik in te neem (Num 33:50-56)

Net na die lys van kampplekke, sê die Here vir Moses hy moet met die volk praat oor wat hulle moet doen as hulle deur die Jordaan trek. Daar is twee aspekte wat die Here van die volk verwag:

- Aan die een kant moet hulle die inwoners van die land verdryf, hulle afgodsbeelde vernietig en hulle hoogtes verwoes (v 52). Let op die erns van die opdrag: hulle moet verdryf, vernietig, verwoes! Die volk moet uitroei! Hulle moet die inwoners van die land uitroei tesame met al hulle afgode en die praktyke wat daarmee saamgaan. Hulle moet skoonmaak.
- Aan die ander kant moet hulle die land in besit neem en daar gaan woon. Dit is hulle besitting – wat die Here aan hulle gee (v 53). Hulle moet die land verdeel op 'n verantwoordelike manier: groot groepe of stamme moet 'n groot deel van die land kry, en kleiner groepe of stamme kleiner dele (v 54). Elke stam moet sy eie deel hê waarvoor hulle

verantwoordelik is. Maar hulle moet dit “besit”, dit moet hulle woonplek wees, hulle moet dit hulle eie maak – die Here gee dit aan hulle!

Saam met die opdrag gee die Here ook ‘n ernstige waarskuwing: as hulle nie al die inwoners van die land verdryf nie, sal die wat agterbly vir hulle splinters in hulle oë wees, en dorings in hulle sye (v 55). Die probleem is dat hierdie oorblywende inwoners van die land op die ou end teen die volk sou draai, teen hulle oorlog maak, en sodoende die ondergang van die volk soek. En asof dit nie genoeg is nie, voeg die Here by Hy sal dan aan die volk doen wat Hy eintlik aan die inwoners van die land wou doen (v 56).

Onthou nou: die Here het die volk sopas herinner dat die oorwinningstog na die beloofde land 40 jaar moes duur a.g.v. die sondigheid en eiesinnigheid van die volk – daarom herinner Hy hulle nou dat hulle die land moet skoonmaak wanneer hulle dit inneem, want anders gaan hulle net weer swig voor die sonde waartoe hierdie inwoners hulle gaan verlei, en dan gaan die Here die volk moet straf, soos wat Hy die inwoners van die land straf. Nie net moet hulle die land skoonmaak nie – hulle moet dit in besit neem, hulle moet dit hulle besitting maak, hulle moet dit hulle woonplek maak, hulle moet dit verantwoordelik bestuur – elke stam sy deel, of dit nou groot of klein is.

Ons ken die geskiedenis: ongelukkig was die volk nie getrou aan die opdrag van die Here nie, en eventueel het die Here hulle in ballingskap weggevoer, en net ‘n oorblyfsel het behoue gebly. Duidelik het die Here geweet hoe nodig dit was om vir hulle daardie lys van kampplekke te gee, en hoe ernstig Moses hulle moes waarsku oor hulle verantwoordelikheid met die inname van die land.

Grense van die beloofde land (Num 34:1-29)

In Num 34 gee die Here deur Moses aan die Israeliete die grense van die beloofde land wat hulle in besit moet gaan neem. Weereens word ons gekonfronteer met detail wat vir ons moeilik is om te waardeer wanneer ons dit lees. In verse 3-12 word die grense van die land beskryf, en alhoewel ons tot ‘n mate ‘n prentjie hiervan kan vorm, is hier ook detail wat moeilik verstaanbaar is. Kom ons kyk hierna:

- Suidelike grens (v3-5): Die suidelike grens strek van die suidelike punt van die Dooie See (wat hier die Soutsee genoem word) aan die oostekant, tot waar die Egiptespruit in die Middelandse see uitloop aan die westekant. Presies hoe die grens tussen hierdie twee punte loop is bietjie moeiliker om te visualiseer, maar dit loop verder suid tot in die Negev woestyn, selfs suid van Kades-Barnea verby, van waar die twaalf verkenners 38 jaar gelede uitgestuur was.
- Westelike grens (v6): Die westelike grens is duidelik, dit is die Groot See, oftewel die Middelandse See.
- Noordelike grens (v7-9): Dit is moeiliker om te begryp, maar ons weet dit strek minstens so ver noord as Lebo-Hamat (wat ook die noordelike punt was van die verkenners se verkenningstog). Dit sluit in wat ons vandag ken as Libanon, en dele van Sirië.
- Oostelike grens (v10-12): Die noordelike deel van die oosgrens is baie onduidelik. Die suidelike deel is egter duidelik – dit is die oostelike kus van die Gennesaretmeer (See van Galilea), en dan al met die Jordaan langs tot by die Dooie See.

En natuurlik is daar dan ook nog die gedeeltes oos van die Jordaan waarvan ons laasweek gelees het wat aan Ruben, Gad en die halwe Manassestam gegee is.

In Gen 15:18-21 het die Here ook al aan Abraham ‘n aanduiding gegee van hoe groot die beloofde land is: daar is dit beskryf as vanaf die Egiptespruit in die suide tot teen die Eufraatrivier.

Alhoewel dit moeilik is om al die detail van die grense te verstaan, is die punt wat ons moet raaksien, die volgende: dit is 'n groot land! Die tragiese realiteit was egter dat die volk nie die hele land in besit geneem het nie, ten spyte van die dringende opdrag van die Here aan die einde van Num 33. Die naaste wat hulle daaraan gekom was eers 'n paar honderd jaar later tydens die regering van Dawid en Salomo. Ons lees byvoorbeeld in 1 Kon 8:65 dat met die inname van die tempel wat Salomo gebou het, die volk gekom het van Lebo-Hamat af tot by die Egiptespruit. Maar ek lees ook dat dit eers in die tyd van die Makabeërs was dat die landsgrense tot teen die Middellandse see gestrek het. Dink maar net hoe lank die Filistyne wat in die suide teen die Middellandse See gewoon het (wat ons vandag ken as die Gasastrook), die volk se vyande was.

In die res van Num 34 lees ons van 10 leiers wat aangestel was om vir Eleasar en Josua te help met die verdeling van die land.

Kom ons som op wat ons in hierdie twee hoofstukke gesien het: Die Here werk met Sy volk. Hy herinner hulle dat hulle op 'n oorwinningstog is. Dit het 40 jaar gelede al begin toe Hy hulle uit Egipte uitgelei het voor die oë van die treurende Egiptenaars wat besig was om hulle eersgeborenes te begrawe. Hulle het intussen al vir Arad en die Kanaäniete in die Suidland verslaan. En nou is hulle op die punt om die hele beloofde land in te neem. Maar hulle moet ook onthou hoekom dit nodig was dat hulle na al daardie kampplekke moes trek – hulle is 'n sondige volk, wat moes wag dat 'n sondige geslag moes uitsterf. Maar nou dat dit wel gebeur het, nou moet hulle met erns die land gaan inneem. Hulle moet die land reinig van sy inwoners en hulle afgodspraktyke, en verder moet hulle die land in besit neem, hulle eie maak as hulle woonplek – elke stam moet sy deel bewoon. Hulle moet boonop verstaan dit is 'n groot land, wat hulle volledig in besit moet neem. As hulle dit nie doen nie, gaan daar splinters in hulle oë wees en dorings in hulle sye, en kan hulle verwag dat die Here aan hulle sal doen wat Hy aan die inwoners van die land wou doen. Tragies genoeg het dit gerealiseer toe die volk later in ballingskap weggevoer moes word.

Implikasies vir ons

Kom ons besin nou oor wat dit vir ons beteken – ons verstaan tog teen hierdie tyd dat die gebeure in Numeri opgeteken is as voorbeelde en waarskuwings aan ons. Wat moet ons nou hieruit leer?

Soos die volk, is ons ook op 'n woestyntog. Ons woestyntog is hierdie lewe hier op aarde. Soos wat die Here Sy volk wou bemoedig deur daardie opsomming van kampplekke, wil die Here ons ook bemoedig. Soos die Here Sy volk uit Egipte gelei het voor die oë van die Egiptenare, het die Here ons, as ons gelowiges is, ook reeds uitgelei uit die slawehuis van die sonde, terwyl die ongelowiges niks anders het as om hulle dooies te begrawe nie. Soos die volk, is ons ook op 'n oorwinningstog. Hulle oorwinningstog sou in die beloofde land eindig, ons oorwinningstog eindig in die beloofde heerlijkheid, wat eventueel in volheid sal realiseer op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Ongelukkig, soos die volk, stoei ons ook met eiesinnigheid en sondigheid. Gevolglik moet ons ook rondtrek van kampplek tot kampplek en in die proses ons bekeer van ons sondes – ons noem dit heiligmaking. Daar is tye van groei en opgewondenheid in die Here, soos wanneer Arad verslaan word, of as ons van die manna mag eet of van die water uit die rots mag drink, maar daar is ook tye van opstand en verset, soos by Kibrot-Taäwa. In die proses herinner die Here ons ook aan Horberg – waar die hoëpriester dood is. Maar genadiglik het ons Hoëpriester nie gesterf weens Sy eie sondes nie, maar juis om versoening te bewerk vir ons sondes. Deur die genade van die Here met verloop van tyd groei ons in heiligheid en kom al nader aan die beloofde land, aan daardie ewige heerlijkheid. Maar hoe nader ons kom, hoe dringender waarsku die Here: onthou julle moet heeltemal rein wees om in daardie heerlijkheid te kom – daar moet nie splinters in julle oë en dorings in julle sye agterbly nie. Alles wat onrein is, moet verwyder word. Indien nie, tref dieselfde lot julle as die inwoners van

die land – dit is die ewige dood. Maar die verwagting van die Here gaan verder as dit: nie net moet ons al die sondes uit ons lewens verwyder nie, ons moet die land, daardie heerlijkheid, werklik in besit neem. Ons moet dit ons eie maak. Dit is waarvoor ons ons moet beywer. En onthou, dit is 'n groot land – daar is plek vir baie. Laat ons ons dan beywer dat baie saam met ons sal deel in daardie heerlijkheid. Laat ons ons inspan om selfs 'n groot deel van die land te ontvang. Ons moet ons inspan sodat ons gereed sal wees om dit werklik te benut vir die doel waarvoor die Here dit vir ons gee. En die doel van die Here is dat ons dit sal gebruik om Hom te verheerlik!

Ek wil graag nog meer klem plaas op die feit dat die Here van die volk verwag het hulle moet hulle voorberei om daardie groot land as besitting te gaan inneem, om dit hulle eie te maak, hulle woonplek te maak waar hulle tuis is. Onthou die land was die inhoud van die verbondsbeloftes van die Here. Die Here wil dat ons ons sal inspan om Sy verbondsbeloftes ons eie te maak en dit te laat realiseer. En die deel van die verbondsbeloftes waarvoor ons nou spesifiek praat, is die beloofde land oftewel die ewige heerlijkheid. Hoe maak ek dit my eie?

- Laasweek het ek verwys na Mark 8:36 – “Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?” Dit beteken dus dat ek my toenemend van hierdie wêreld moet losmaak, en al hoe meer fokus op daardie komende heerlijkheid.
- In Luk 15:31 in die gelykenis van die verlore seun, sê die pa aan die oudste seun: “Kind, jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het is ook joune”. As gelowiges het ons toegang tot alles wat aan die Vader behoort. Ons moet hieroor besin. Ons moet gaan sit en dink wat het die Vader wat ons kan gebruik om onself en ander saam met ons voor te berei vir daardie komende heerlijkheid.
- In Ef 3:20 lees ons dat die Here magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink. Duidelik sal ons moet groot dink. As ons werklik die vervulling van God se verbondsbeloftes as doel het, kan ons nooit te groot dink nie, kan ons nooit die gevaar loop om God se mag uit te put nie!
- In Rom 8:32 lees ons God het Sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red, sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie? Onthou jy, in daardie lys van kamppele – daar het die hoëpriester ook gesterf. Netso met ons Hoëpriester – behalwe dat ons Hoëpriester nie net gesterf het nie, maar Hy het juis vir ons gesterf. Siende dat God dit alreeds gedoen het, sal Hy dan nie ook aan ons alles anders gee wat ons nodig het sodat Sy verbondsbeloftes sal realiseer nie?

Ek dink ons moet die Here vra om ons te help dat ons prioriteite reg sal wees, dat ons 'n werklike verlangete daarna sal hê om daardie heerlijkheid te ontvang. En dan nie maar net ek as 'n individu nie, maar ook baie ander saam met my, want dit is 'n groot land. Ek dink ons dink te min hieroor. En as ons hieroor dink, dink ons te klein. As ons hieroor bid, dan bid ons te klein. Ons is skaam om groot dinge van die Here te vra, weens 'n paar redes:

- Ons is bewus daarvan dat baie aanhangers van voorspoedgodsdien hierdie beloftes van die Here misbruik om te vra vir allerlei vorms van persoonlike en kortstondige vorms van voorspoed, en ons wil nie hieraan meedoen nie.
- Ons is te gereformeerde. Ons glo God is soewerein en sal sorg dat almal wat moet deel in die heerlijkheid, sal inkom – God sal daarvoor sorg. Hy sal my van my sonde reinig en so by heerlijkheid bring, en Hy sal ook ander daar bring. Dit is natuurlik waar, maar dit is net die halwe waarheid. Netso waar is dit dat Hy juis wil dat ek met die sonde in my lewe moet worstel en in my worsteling by Hom hulp soek. Netso waar is dat ons die

verantwoordelikheid het om ander te gaan konfronteer, dit is hoe Hy hulle tot heerlikheid sal bring.

Nee, die Here wil dat ons groot dink oor die vervulling van Sy verbondsbeloftes. En as dit ons doel is, dan kan ons maar vra! Dan kan ons groot vra, want dan vra ons juis in lyn met Sy wil. En dan het ons Sy belofte dat Hy vir ons sal gee wat ons vra! Natuurlik vra ek steeds nederig. Natuurlik vra ek steeds soekende na Sy wil, want Hy weet wanneer Hy wat wil bereik en hoe Hy dit wil bereik. Maar ek vra, en ek vra vrymoedig, want Hy het beloof, en Hy wil Sy beloftes in vervulling laat gaan.

Daar is 'n ewige heerlikheid wat in besit geneem moet word. Kom ons beywer ons om dit in besit te neem ter wille van die eer van die Here.